


Towerlantern Fotografie
fotografienuus
januarie 2020

Towerlantern Fotografie
fotografienuus
januarie 2019



Towerlantern Fotografie
fotografienuus
februarie 2019



In ons gejaagde lewe kan ons maklik vergeet om soms net stil te staan en terug (én vorentoe) te kyk. In hierdie eerste uitgawe van 2020 se *Fotografienuus* wil ons beide doen, naamlik agtertoe en vorentoe kyk.

Ons voorbladfoto is die eerste terugblik op 2019. Dit was vir ons aangenaam om gedurende 2019 twaalf uitgawes van *Fotografienuus* die lig te laat sien. Elke maand is die teks en foto's (in 'n *Word*-dokument) verwerk na die produk wat jy voor jou het. En dit is hierdie stap wat die verandering bring van 'n papie na 'n pragtige skoënlapper. Baie dankie dus aan Fransa vir haar aandeel.

Lees dan meer in hierdie uitgawe oor wat was en wat ons beplan vir 2020 – alles met die besef dat ons hoogstens maar net kan beplan (“ons, wat nie eers weet hoe ons lewe môre sal wees nie”, Jak 4:13).

Johan

Redakteur: Johan de Klerk

Bladuitleg: Fransa Vorster van [Colourcode Designs](#)

*Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief?
Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor!*

Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.

Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.

— voorbladfoto

Jy sal besef dat ons voorbladfoto nie 'n “egte” foto is nie – dit is 'n saamgestelde foto bestaande uit die 12 voorbladfoto's van 2019 se *Fotografienuus*. En oor die verskillende foto's het ons gedurende 2019 maandeliks gesels – slaan dit gerus na. Daar is dan natuurlik ook geen instelbesonderhede wat hier gegee kan word nie.

Kyk gerus ook na jou eie foto's van 2019 – dit kan opdragfoto's wees of enigiets anders. Kies uit elke maand se oes 'n beste foto. Maak vir jou 'n samestelling daarvan; dit kan wees in die vorm van 'n collage, soos hier, of 'n PowerPoint-aanbieding wat jy vir vriende sal wil wys.

Nog 'n idee – dalk die slimste – van wat jy kan doen met 2019 se foto's (kyk daarmee terug), is om 'n kalender te maak van jou beste foto's (kyk dus daarmee vorentoe). Die foto hierby wys een so 'n idee. En deel jou kalender met familie en vriende (hulle sal die hele jaar aan jou dink).



TOWERLANTERN FOTOGRAFIE: 'N OORSIG

Om van 2019 afskeid te neem ...

Towerlantern se hoofdoel was (en is nog steeds) om die klem te laat val op onderrig. Daarom dat ons ons in 2019 verskillende klasse (plaaslik en aanlyn) aangebied het, soms ook ander geleenthede gereël het (soos 'n foto-uitstalling en selfoonkursus), 'n Facebook-blad met wenke en vriende se foto's in stand gehou het, ons *Fotografienuus* gereeld gepubliseer het en ook altyd raad gegee het vir enigeen wat navraag sou doen.

Een saak wat in 2019 nuut bygekome het, is ons Spesialiskursus. Hierop is ons, Johann en Johan, baie trots. Hierin het ons hoofsaaklik aan drie groot onderwerpe aandag gegee, naamlik landskapfotografie, makrofotografie en impressionistiese fotografie. Ons sal graag gedurende 2020 steeds met ons kursusse wil voortgaan, en in die besonder ook met die Spesialiskursus (moontlik met 'n variasie van temas).

Om 2020 aan te pak ...

Ons beplan om DV die volgende te doen:

Eerstevlakkursus (plaaslik en aanlyn):

Ons wil gedurende die nuwe jaar weer die gebruiklike eerstevlakkursusse plaaslik aanbied. Omdat die aanlynkursus enige tyd kan begin, sal ons deurgaans gedurende die nuwe jaar hiermee voortgaan.

Gevorderdevlakkursus (plaaslik en aanlyn):

Ons wil ook gedurende 2020 die gebruiklike twee gevorderde kursusse plaaslik aanbied. Omdat die gevorderdevlak-aanlynkursus ook enige tyd kan begin, sal ons deurgaans gedurende die nuwe jaar ook hiermee voortgaan.

Spesialiskursus (plaaslik en aanlyn):

Enigiemand wat in die onderwysberoeëp is/was sal vir jou sê dat 'n kursus nie net een keer aangebied moet word nie; dit moet 'n paar keer herhaal word, ter wille van dosent en student. Daarom voel ons sterk dat die spesialiskursus steeds in 2020 voortgesit moet word.

Selfoonkursus:

Ons het in 2019 begin met 'n selfoonkamerakursus. Ons beplan om in die nuwe jaar ook daarmee verder te gaan.

Neem jou dus voor om vir minstens een van ons kursusse in 2020 in te skryf. Dit is die enigste manier hoe jy jou kamera steeds warm kan hou.

FOTOVERWERKING

Die vraag word soms gevra in watter mate moet/kan foto's verwerk word? Die antwoord kan op twee maniere beantwoord word: (i) As dit vir jou eie doel is, doen wat jy wil (hopelik binne perke) en (b) as dit vir Towerlantern is, doen dit ook, maar dan binne perke.

Ons gee die volgende riglyne op grond van die fotoverwerkingsprogram *Microsoft Office 2010*:

Helderheid en kontras (Engels: *brightness and contrast*): Met helderheid word bedoel dat die foto helderder of dowwer gemaak word. Kontras verwys daarna dat die teenstelling tussen ligter en donkerder dele groter/kleiner gemaak word



Kleur (Engels: *colour*): Hieronder word verstaan dat die kleur (Engels: *hue*) en versadiging (Engels: *saturation*) verstel word. Eersgenoemde wys op die verdowwing/verheldering en laasgenoemde wys op die verbleiking/versadiging van die foto.

Sny (Engels: *crop*): Met sny word bedoel dat daar aan die foto gesny/geknip word (soos wat jy 'n prent uit 'n tydskrif sou uitknip). Jy maak die foto dus fisies én elektronies kleiner.

Roteer en omkeer (Engels: *rotate and flip*): Met roteer word bedoel dat die foto gradegewys gedraai word (byvoorbeeld 'n seehorison wat horisontaal gedraai moet word). Met omkeer word bedoel dat die foto se bokant na onder oorgeplaas word, en omgekeerd, of dat die linkerkant na regs oorgeplaas word, en omgekeerd.

Verklein (Engels: *resize*): Met verkleining word bedoel dat jy die pixel-hoeveelheid verklein. Jy maak die foto dus elektronies kleiner of "gateriger" (soos 'n gaas wat gerek word).

Die foto's wys watter verskil 'n effense wegsny aan 'n foto kan maak (let in die besonder op na die groter trefkrag van die tweede foto).



GEPROGRAMMEERDE kamerakeuses



Ons is almal daarmee bekend dat daar op 'n kamera se stelknop 'n reeks simbole/ikone/"prentjies" van 'n gesig, berg, blom, skiër, ensovoorts, gewys word. Ons noem dit geprogrammeerde keuses. (Dit mag moontlik wees dat hierdie keuses nie op jou kamera se stelknop gewys word nie, maar op een van die spyskaarte.)

Hierdie geprogrammeerde keuses is bedoel vir wanneer jy meer kreatief wil wees as bloot om maar net altyd die outomatiese instelling te gebruik. Elke ikoon gee 'n spesifieke, geprogrammeerde instelling wat die beste is vir die bepaalde toneel. As jy byvoorbeeld 'n foto van 'n enkele blom in die voorgrond wil afneem, sal die blom-ikoon 'n foto lewer met die blom mooi skerp in fokus en die agtergrond onskerp.

Daar is 'n interessantheid in verband met hierdie geprogrammeerde instellings: Die idee stem in 'n groot mate ooreen met 'n moderne naaldwerkmasjien se

outomatiese instellings vir verskillende tipes steke soos zigzag-, kombers- of patroonsteke.


Google gerus die term "*Elna cam chart*" om te sien hoeveel verskillende patroonsteke daar al in die 1960s op die Elna-naaldwerkmasjien was. Hierdie steke is meganies geproduseer met nokskywe (Engels: *cam discs*) en moes fisies verander word van een tipe steek na 'n ander. Kyk hoe dit gedoen word by <https://youtu.be/zalCOPIJRIk>.

Miskien gee dit jou groter waardering vir die gerief van geprogrammeerde instellings.

Bron: <http://needlebar.org/main/elna/>

Towerlantern Fotografie
-januarie 2020 -

Is jy 'n skaakspeler
of fotograaf?



Edward H. Adelson

Watter blokkie, A of B, op hierdie "skaakbord" is die grysste?

Vir die antwoord:

Blaai verder aan – maar moet dit nie doen voordat jy 'n keuse gemaak het nie.

Fotowaardering

van jou eie en ander fotografe se foto's

Met die nuwe jaar voor die deur, is dit goed om weer te gesels oor fotowaardering. Laat die volgende jou help:

Fokus (skerp) Is minstens die hoofonderwerp van die foto skerp in fokus? Is die regte punt(e) van die onderwerp in fokus?

Duidelike bedoeling van die foto Het die foto 'n bedoeling en is dit duidelik? Is dit duidelik wat die hoofonderwerp(e) in die foto is?

Komposisie Is die hoofonderwerp by 'n trefpunt? Is daar gedeeltes van die foto wat nie bydra tot die visuele effek van die foto nie? Is die foto te oorvol/besig of spreek dit van eenvoud? Loop die kyker se oog gemaklik deur die foto of spring dit heen en weer?

Beligting (lighting) en beligting (exposure) Is beide beligtingsvorme (Engels: *lighting* en *exposure*) goed gedoen? Ondersteun dit die komposisie? Skep dit sodoende die verlangde foto-effek? Is daar gedeeltes van die foto wat oorbelig is en wat die aandag dus aftrek (behalwe waar dit so beplan is)?

Kleur Is daar botsende kleure in die foto of vul die kleure mekaar aan? Is die gebruik van kleure te oorweldigend of andersins oninspirerend?

Wat maak die foto treffend of spesiaal? Is daar kreatiwiteit in die foto? Is daar iets in die foto wat spreek van wye denke? Neem die gebruik van gesigspunt, lyne, kleure, teksture en vorms die foto tot 'n vlak waar dit treffend en spesiaal is? Hoe voel jy oor die geheelbeeld van die foto?

Emosie en luim Hoe laat hierdie foto jou voel? Wek die foto 'n bepaalde emosie of luim (Engels: *mood*) by jou op? Waar van toepassing, kan jy die foto "hoor", "ruik" of selfs "proe"?

Hierdie is net 'n samevatting. Lees die volledige inligting by: <https://bit.ly/2rGGoc4>

Towerlantern Fotografie
-januarie 2020 -

Kommentaar op Desember-berigte

Kompetisie – maak jou keuse

Die laaste woord oor hierdie kompetisie kom van Sampie Stoffberg self af: Baie dankie aan al die fotografe wat kommentaar gelewer het op die foto's vir die kompetisie. Met die kommentaar, wat reguit op die man af was, het dit my ook hard na my eie foto's laat kyk. Dit was die regte medisyne wat op die regte plek toegedien is. Baie dankie aan almal wat deelgeneem het en baie geluk aan die wenner. Volgende jaar maak ons dalk weer so met ander kriteria.

Hoe lewer mens opbouende kommentaar?

Josef Steyn skryf: iets wat my getref het [in die Desember-uitgawe van *Fotografienuus*] is die stukkie oor die evaluering van foto's en die drie stappe wat aanbeveel word [Wat werk? Wat werk nie? Wat kan beter gedoen word?]. As 'n mens dit in gedagte hou kan jy nie verkeerd gaan nie en gaan jy vriende met die fotograaf bly. Dankie hiervoor.



Uit my kinderdæ onthou ek breiwool-monsterkaarte soos dié wat hierby afgebeeld word. My ma was 'n toegewyde breier – van truië, met kabels en ander patrone, tot blokkies vir komberse; en nog vele meer. Breiwool kon bestel word van 'n firma se monsterkaart af, per kodenommer. Alles het glad gewerk. Maar as jy weer van dieselfde wol wou hê, en weer moes bestel, was die sogenoemde *lot*-nommer dalk nie dieselfde nie – en die verskil sou sigbaar wees by die finale breiproduk. Soos in die verlede, word kleure tans ook gekodifiseer en wel op 'n veel groter skaal. As jy vir iemand 'n sekere kleurkode sou stuur, kan hy dit op sy rekenaar gebruik en dit behoort presies dieselfde kleur te wees as by jou. Ons sê *behoort* – want daarlê die knoop, naamlik die kleurweergawe van elke rekenaarskerm of kleurdrukker. Die probleem is dat nie alle rekenaarskerms gekalibreer is om presies die korrekte kleur te gee nie. Verder moet onthou word dat 'n foto op 'n rekenaarskerm waargeneem word op grond van *deurgelate lig*, terwyl 'n gedrukte foto waargeneem word op grond van *weerkaatste lig*. Ten spyte van bogenoemde opmerkings oor die weergee van kleur, bly die kodifisering van kleur baie belangrik omdat dit 'n maatstaf gee vir praktiese toepassings. So het swart byvoorbeeld die kode 000000, blou die kode 0000FF en wit die kode FFFFFFFF.

https://en.wikipedia.org/wiki/Web_colors

Bestudeer die inligting op die meegaande kleurkaart vir meer kodes. Dit verseker eenvormigheid. Hierdie eenaardige kodes is gebaseer op 'n sestienjarige stelsel (en nie tiendelig soos wat vir ons almal bekend is nie). Dus het ons die sestien "getalle" 0,1,2,3,4,5,6,7,8,9,A,B,C,D,E,F vir dié stelsel. En ons as fotografe kan bly wees dat die wiskunde die onderliggende basis bied vir sinvolle kleurweergawes.

CSS 1–2.0, HTML 3.2–4, and VGA color names

	Name ↕	Hex (RGB) ↕	Red (RGB) ↕	Green (RGB) ↕	Blue (RGB) ↕	Hue (HSL/HSV) ↕	Satur. (HSL) ↕	Light (HSL) ↕	Satur. (HSV) ↕	Value (HSV) ↕	CGA number (name); alias ↕
	White	#FFFFFF	100%	100%	100%	0°	0%	100%	0%	100%	15 (white)
	Silver	#C0C0C0	75%	75%	75%	0°	0%	75%	0%	75%	07 (light gray)
	Gray	#808080	50%	50%	50%	0°	0%	50%	0%	50%	08 (dark gray)
	Black	#000000	0%	0%	0%	0°	0%	0%	0%	0%	00 (black)
	Red	#FF0000	100%	0%	0%	0°	100%	50%	100%	100%	12 (high red)
	Maroon	#800000	50%	0%	0%	0°	100%	25%	100%	50%	04 (low red)
	Yellow	#FFFF00	100%	100%	0%	60°	100%	50%	100%	100%	14 (yellow)
	Olive	#808000	50%	50%	0%	60°	100%	25%	100%	50%	06 (brown)
	Lime	#00FF00	0%	100%	0%	120°	100%	50%	100%	100%	10 (high green); green
	Green	#008000	0%	50%	0%	120°	100%	25%	100%	50%	02 (low green)
	Aqua	#00FFFF	0%	100%	100%	180°	100%	50%	100%	100%	11 (high cyan); cyan
	Teal	#008080	0%	50%	50%	180°	100%	25%	100%	50%	03 (low cyan)
	Blue	#0000FF	0%	0%	100%	240°	100%	50%	100%	100%	09 (high blue)
	Navy	#000080	0%	0%	50%	240°	100%	25%	100%	50%	01 (low blue)
	Fuchsia	#FF00FF	100%	0%	100%	300°	100%	50%	100%	100%	13 (high magenta); magenta
	Purple	#800080	50%	0%	50%	300°	100%	25%	100%	50%	05 (low magenta)

These 16 were labelled as sRGB and included in the HTML 3.0 specification, which noted they were "the standard 16 colors supported with the Windows VGA palette."



Pantone se kleur van die jaar

Die Amerikaanse firma Pantone LLC is in die besonder bekend vir sy Pantone-kleurpassingstelsel (Engels: *Pantone Matching System, PMS*). Hierdie kleurstelsel word in 'n verskeidenheid bedrywe gebruik, waaronder grafiese ontwerp en drukwerk soos op katoen, poliëster, nylon en plastiek.

Die Pantone-kleurstelsel verskil van ander kleurstelsels soos, vir fotografe bekend, die CMYK- en RGB-stelsel. Dit word "spot" kleure genoem en word uit 18 basiese kleure saamgestel. Pantone-kleure is altyd dieselfde (mits alle stelsels gekalibreer is!) en lyk dan nie anders op skerms as in drukweergawes nie. Dit lyk ook nie anders van een drukweergawe na 'n ander nie. Dit het byvoorbeeld die voordeel dat 'n besigheid se korporatiewe kleure altyd eenders lyk.

Pantone kies jaarliks vanaf 2000 hul kleur van die jaar. Die firma het onlangs hul kleur vir 2020 aangekondig. Dié blou, *Classic Blue*, soos hierby, sal op heelwat plekke gesien word: van modehuise, ontwerpe soos op trou-uitnodigings tot by die verf vir huise en mure. Dié kleur word afgelei uit die heersende kleur-tydsgees.

Vir meer inligting kyk ook by: <https://www.pantone.com/> en https://en.wikipedia.org/wiki/Pantone#Color_of_the_Year en <https://en.wikipedia.org/wiki/Pantone>

Towerlantern Fotografie
-januarie 2020 -




Waardering van lesers

Ons vra nie vir waarderingsnotas nie. En daarom is ons soveel te meer dankbaar vir waardering wat spontaan deur fotograaf-lesers gestuur word. Baie dankie vir die volgende:

- ★ Geluk met die Desember-voorbladfoto. Dit is werklik uitsonderlik. – Josef Steyn
- ★ Baie dankie vir *Fotografienuus*. Dit was lekker om dit te lees. Die pragtige foto's en lieflike uitleg en goedversorgde teks is baie spesiaal. Ek weet, ek het byna 8 jaar vir die universiteit se *Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte* gewerk! – Terésa Erwee
- ★ Dankie vir jou inspirerende voorbeelde en inligting. Lig is wonderlik maar ons sou dit nie kon waardeer as daar nie donker was nie – en veral die kombinasie. – Nardus Conradie
- ★ Dorem so lekker om die nuusbrieff te kry; kan nie wag om te gaan lees nie. – Louvaine Bezuidenhout
- ★ Die November-voorbladfoto is absoluut een van die mooiste foto's wat ek nog gesien het. Ek gaan nou dadelik my kamera uithaal en die batterye laai ... dit het my werklik so gemotiveer om weer 'n paar foto's met die kamera te neem. – Margo Joubert

Adelson se illusie



Edward H. Adelson

Antwoord op ons vroeëre vraag:
Blokke A en B is ewe grys!
Vergelyk die "leertjie" om dit te glo.
Lees die artikel 12 Optical illusions made from shadows om meer oor hierdie (Adelson se illusie) en ander optiese illusies uit te vind.
Die adres is: <https://bit.ly/37sJL5R>